DIE WITKRUIS-MONUMENT

Hierdie kruise is ter nagedagtenis van diegene vanuit die Landbougemeenskap. Die Witkruismonument is aanvanklik op 16 Junie 2004 met nagenoeg sewe ton staalkruise opgerig. Een kruis weeg 7 kilogram. Van hierdie kruise is in die kruisvorm geplant , en oor die naasliggende koppies. Hierdie monument is ñ sigbare beswaar teen die moorde, verminkings en aftakelings van die voedselprodusente en landelike ekonomie, maar ook ñ sigbare aansporing vir Christene om hulle verootmoedigend tot God te wend in hulle uur van nood. Statistieke toon dat hierdie getal kruise, kruise, bykans verdubbel moet word om die situasie vandag korrek weer te gee. Daar is vasgestel dat die staalprys van een kruis bykans R150-00 is. En N.T.Y. in Pietersburg het goedgunstiglik ingewillig om die kruise weer teen kosprys te vervaardig. Borge om die totaal op te stoot tot vereiste meer as 3000 kruise, word teen R150-00 per kruis gesoek. Ons verneem dan ook graag van die R.R.B. se beplanning om die kruise met glimverf te bespuit. Ons versoek almal wat kan om borge te werf, maar veral Saterdag 5 Junie 2010 te kom help om die nuwe kruise te plant, en die terrein skoon en meer sigbaar te vanaf die N1 te maak.

Daar is reeds begin om naasbestaandes van slagoffers van plaasaanvalle, wat gesterf het in ñ aanval, te kontak. Die 5de Junie sal daar dan ook aan die familie van daardie persoon/persone wat gesterf het, ñ kruis oorhandig word. Daar is reeds persone wat wel die vorige keer ñ kruis ontvang het, maar hulle is welkom om die 5de Junie ñ krans te kom lê, en hulde te bring, aan die persone wat gesterf het.

Die kruise wat opgerig word, is vir persone regoor die land, wat gesterf het in plaasaanvalle. Dit is nie net vir persone in Limpopo provinsie nie.

Koop ñ kruis, en help ons, om die WITKRUIS-MONUMENT volledig te maak. Ons wil dan ook vir u vra om te dink aan diegene wat reel vir al hierdie dinge. Dit verg baie onkostes om die 5de Junie 2010 ñ sukses te maak.

Met die nodige toestemming van die eienaar, wat ons hoop om te kry, wil ons persone nooi, om die 4de Junie die aand, saam met ons bo-op die berg te kom kamp. Meer inligting sal later deur middel van Radio Pretoria en die media, bekend gemaak word.

Saterdag 5 Junie 2010, kom ons almal bymekaar by die Ranch Motel, waar ons daarvandaan sal vertrek na die Monument toe. Vlae is welkom, en indien die nodige fondse beskikbaar is, wil ons graag vlagpale oprig by die WITKRUIS MONUMENT.

Persone wat bakkies besit, en bereid is om van die kruise te vervoer vanaf die Ranch Motel, tot by die WITKRUIS MONUMENT, se hulp sal waardeer word. Dit sal deel vorm van die optog.

Enige bydraes kan inbetaal word by die volgende bankrekening: TABITA FNB TZANEEN. TJEKREKENING. NO. 62246701793.

Kontak nommers: Lita Fourie 0725427352 of Hannelie Naude 0849412916. E-pos tabita12@ovi.com.

Of tabita@24.com.